MBA-GEGRADUEERDES KAN HUL RUG OP WALL STREET KEER

25 Januarie 2010: Die globale finansiële krisis sal ’n belangrike uitwerking op die toekoms van bestuurskole hê. Professor Eon Smit, uitgaande direkteur van die USB, het by die akademiese opening van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) op Donderdag, 14 Januarie 2010 gesê daar is meer lesse vir die USB sowel as vir die globale bestuurskoolgemeenskap uit dié krisis te leer.

Hy sê een gevolg van die krisis is dat ons kan verwag om minder MBA-gegradueerdes te sien wat beleggingsbankiers word. Die nuwe voorkeurwerkplek is dalk nie meer Wall Street nie, maar eerder entrepreneuriese toetree-ondernemings.

Hy voer ook aan dat betuurskole in die toekoms nader aan groot ondernemings kan migreer om te leer en om advies te bied terwyl die andersdenkende stemme van bestuurskole duideliker in openbare ekonomiese debatte gehoor sal word.

“Ons moet eerstens weer besin oor die risiko’s in ons programme. Ons moet verder beweeg as standaardafwykings en distribusies, en nuwe risikomodelle, die sistemiese risiko in finansiële markte en die risikoblootstelling as gevolg van globale integrasie en die domino-uitwerking bestuur.”

Hy sê bestuurskole het oor die afgelope 18 maande baie kritiek gekry omdat die finansiële krisis tot ’n openbare aanval op die etiek van die stelsel gelei het. “By die USB is ons lankal reeds sensitief vir die meeste etiese en bestuurstoesigkwessies waarvoor bestuurskole gekritiseer word. Dit is nie die gevolg van beter versiendheid as ons eweknieë nie, maar gewoon deur blootstelling aan die unieke uitdagings waarvoor ’n ontwikkelende gemeenskap met massiewe inkomsteverskille te staan kom.”

Smit het die nuwe inname van studente gerus gestel en gesê daar is vir die 500 000 studente wat tans oor die hele wêreld vir ’n MBA-program inskryf geen krisis vir bestuurskole nie. “Dit sal egter onwys wees om ons oë te sluit vir die belangrike lesse wat in die droewige geskiedenis van ’n gebarste borrel opgesluit lê.”

Die USB het vanjaar ’n beduidende toename in die aantal studente van Suid-Afrika, die res van Afrika en internasionaal ervaar met ’n 22% toename in die aantal voltydse studente teenoor die vorige jaar.

Die Engelse modulêre MBA-program wat in Maart begin is vol en byna 100 mense kon nie geakkommodeer word nie. Die aantal studente op die Afrikaanse modulêre MBA het ook aansienklik toegeneem. Die studentetal op die USB se modulêre MBA het die afgelope aantal jare skerp gestyg.

“Gelukkig het ons nog ’n Engelse modulêre MBA-inname in Junie. Dit stel studente wat nie in Maart plek gekry het nie in staat om in Junie by ons aan te sluit,” sê Marietjie Wepener, hoof van Bemarking by die USB.

Die jongste inname van die meestersgraad in Ontwikkelingsfinansies (MDevF) het ’n oorweldigende respons uitgelok van studente in Afrika en bestaan uit bykans 60% studente uit die res van Afrika. Suid-Afrika se eerste SAKO-geakkrediteerde MPhil in Bestuursafrigting, wat vanaf Februarie 2010 vir die eerste keer aangebied word, kan net 25 studente neem en die klas is reeds vol.

Prof Arnold van Zyl, viserektor: Navorsing by die Universiteit van Stellenbosch, het by die USB se akademiese opening oor die voordele van navorsing vir ’n universiteit gepraat.

Volgens Van Zyl is navorsing een van die waardevolste hulpmiddels wat ’n universiteit tot sy beskikking het. Die Universiteit van Stellenbosch genereer tans sowat 35% van sy omset uit navorsing. Daarby is die universiteit onder die top 5% van universiteite in die wêreld wat navorsingsuitsette betref.

“Ons moet seker maak dat die kurrikulum wat ons studente leer op die voorpunt van die sakewêreld is. As personeel moet ons lees en by die navorsingsgemeenskap betrokke bly om seker te maak dat ons inligting bied wat vars en relevant is.”

-Einde-

Meer oor die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het sedert sy totstandkoming in 1964 ’n gerekende speler in die internasionale sakeskoolgemeenskap geword. Die skool se studentetal

neem jaarliks toe en daar is tans 650 MBA-studente, sowat 150 ander Meestersgraadstudente, 26 PhD-studente en ’n paar duisend studente wat die wye verskeidenheid korter kursusse in bestuursontwikkeling volg. Die USB MBA bied ’n stewige teoretiese onderbou vir die praktiese, regte-wêreld toepassing van bestuurs- en leierskapbevoegdhede in enige sakesektor in Suid-Afrika, op die Afrika-vasteland sowel as in die globale sakegemeenskap. Die USB is die enigste bestuurskool van ’n Suid-Afrikaanse universiteit met twee internasionale akkreditasies: EQUIS van die European Foundation for Management Development en AMBA van die Association of MBAs. Kry meer inligting by www.usb.ac.za.